Hoërskool Framesby 50 HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 86: 28 Mei 2016

HOE GEMAAK MET SOSIALE MEDIA?

Dat die mensdom glad nie voorbereid was op die koms van sosiale media nie, kan nie in twyfel getrek word nie. Die ongelooflike potensiaal daarin opgesluit, asook die vrye, eintlik onbevange, toegang daartoe, is eintlik in een woord fenomenaal! Die ontwikkelaars van Facebook, Instagram, Twitter, en al die ander platforms het dalk self nie die enorme impak wat hul kreatiwiteit op die mensdom sou hê ooit besef nie.

Nou is dit alles deel van ons daaglikse leefwêreld, en dan veral dié van ons kinders. Ons is ook nou al lank genoeg daaraan gewoond om die hele gedoente bietjie beter na waarde te skat.

Sonder om filosofies te raak en allerhande donker negatiewe onderliggende gevare te gaan uitsnuffel, kan niemand ontken nie dat hierdie fenomeen maklik alle vorme van verslawing na kinderspeletjies laat lyk. Vir die meeste gebruikers blyk die potensiaal om te kan sê net wat jy wil, sonder noodwendige ernstige gevolge, die grootste aantrekkingskrag te wees. In die proses lei alles tot 'n verskraling van die leefwêreld, en in die geval van ons jongmense, die dryfkrag om te groei en iets van jou lewe te maak.

Die uitdaging blyk te wees om sosiale media op so 'n wyse te hanteer waar dit werklik kan bydra tot sinvolle interaksie en kreatiewe denke kan stimuleer. Sou dit nie moontlik wees nie, moet ons aanvaar dat dit soos enige verslawing hanteer behoort te word, en dat elkeen die effek daatvan op die kwaliteit van lewe moet evalueer en dit dienooreenkomstig MOET afskaal.

Vir ons leerders hou die onbeheerste gebruik van sosiale media wesenlike gevare in rakende hul voorbereiding vir eksamen, en die vaslegging van werk. Slegs 'n doelbewuste onthouding van die gebruik daarvan tydens studietye kan die gewenste effek hê. Vir ouers mag dit nodig raak om bietjie "tough love" toe te pas, maar die voordele wat daaruit kan spruit sal die knorrigheid van 'n onvergenoegde tiener by verre oorskry!

MARLOW HOU KERMIS SATERDAG

Met ons uittog môre na die Hoër Landbouskool Marlow wil ons graag al ons ouers bedank vir hul getroue ondersteuning, en vertrou ons dat almal weer in groot getalle gaan opruk na Marlow.

Omdat Framesby die bepaling so goed ondersteun, is dit al 'n tradisie dat die Marlow Oud-leerlinge hul kermis op hierdie dag hou. U sal ver moet soek om sulke goeie pryse vir sulke gehalte-produkte te kry!

Daar sal skaapvleis te koop wees @ R55 per kilo, die vleis is klaar opgesaag en in 'n pak. Word verkoop in halfskaap pakke. Daar is ook 'n verskeidenheid vars groente en biltong te koop teen billike pryse. Kos sal ook deur die loop van die dag te koop wees. Neem dus genoeg geld saam!!

Alle leerders het vandag die finale Eksamenrooster, asook 'n brief met inligting, ontvang.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Tayla du Plessis 12F
Zander du Preez 8C
Steyn Fourie 8B
Jesse Saragnese 10D
Vicky Schoeman 8F
Charl van Greunen 11G
Chantelle van Rensburg 8D

Sondag
Wihan Odendaal 11G

Maandag
Nicole Cornelius 10D
Llwelyn du Toit 8D

Dinsdag
Michaela Beukes 11E
Alida du Plessis 11E
Jason van Tonder 11B

Woensdag
Lise Nel 11D
Marius van Rooyen 9B
Johannes van Staden 12A
Aletia van Zyl 11E
Jason-Lee Vermaak 9E

Donderdag
Gilberto Lucas 9G
Izak van der Merwe 8A
Jurie Venter 9G

Vrydag
Mieke Stroebel 10G
Stefan van Rooyen 12D
Shamonique Williams 10C

FRAMESBY PRESTEER!

DANSERS HOU ONS NAAM HOOG TYDENS INTERSKOLE-KOMPETISIE

Verlede Saterdagmiddag en -aand is die jaarlikse Interskole Dans-kompetisie in die Veremarksaal gehou. Altesaam 13 skole, asook studente van NMMU, het deelgeneem.

Die kompetisie was besonder straf, maar ons leerders het soos gewoonlik baie goed presteer en Framesby se naam hoog gehou. Ongelukkig het heelwat minder van ons dansers vanjaar aan hierdie kompetisie deelgeneem, en moes ons tevrede wees met 'n vierde plek.

Alhoewel almal hulle goed van hul taak gekwyt het, wil ons graag vir Leah Nell en Arne van Heerden spesiaal gelukwens met hulle puik prestasies. Hulle het 'n 4de plek behaal in die ope Universiteits- afdeling vir Sokkie, asook in die ope Universiteitsafdeling vir Jazz.

Verder het hulle ook medaljes verower met hulle 3de plek in die Goue Latynse Danse-afdeling en hul pragtige 1ste plek in die Goue Ballroom-afdeling. Pragtig julle twee!

Die Dansklub is seker een van ons aktiefste buitemuurse bedrywig-hede, en hierdie pragtige prestasies bevestig maar net weer watter uitstekende werk daar gedoen word. Ons is baie trots op al ons dansers!

JONG WETENSKAPLIKES BLINK IN MINQUIZ

Framesby is werklik geseën met soveel talentvolle leerders wat op 'n groot verskeidenheid terreine uitsonderlike prestasies lewer. In die afgelope week het drie jong Framesby-wetenskaplikes ons reputasie van uitnemendheid gestand gedoen tydens die jaarlikse provinsiale uitdunrondte van die Mintek wetenskapvasvra-kompetisie.

Die Framesbyspan ,bestaande uit Roelof Roodt, Ian Gerber en Willem-Adriaan Odendaal het 'n baie goei vyfde plek behaal, ondanks die feit dat baie van die Engelse weergawes van wetenskaplike terme bietjie vreemd was! Mooi so, manne! Julle is ysters, veral omdat julle aan soveel aktiwiteite by die skool deelneem en nog steeds wonderlik presteer op akademiese gebied!

In die individuele afdeling het Ian uitstekend presteer deur 'n algehele tweede plek te verower. Hiermee het 'n uitnodiging losgeslaan om tydens die Junie-vakansie aan die nasionale kompetisie deel te neem. Voorwaar 'n BESONDERE prestasie, Ian. Baie geluk.

SPORTSPANNE LEWER GOEIE UITSLAE IN BESIGE TYE!

Alhoewel ons nie verlede naweek 'n groot sportbepaling gehad het nie, was ons hokkie- en netbalspanne aan die gang, en het ons tennisspanne ook tydens die week meegeding.

Heelwat van ons hokkiespanne was Saterdag in aksie teen St. Dominic's Priory hier op ons tuisvelde. Alhoewel ons eerste seunspan 0 -1 verloor het, het die manne baie goed gespeel. Ons O/16's het egter die bordjies verhang deur 1 – 0 te seëvier. By ons dogters het die eerstespan, sowel as ons tweedes 0 – 0 gelykop gespeel, terwyl ons 3des en O/16 A's ongelukkig verloor het. Die O/14 A-span het egter uitstekend gespeel deur hul wedstryd met 5 – 1 te wen! Baie geluk aan almal, en baie sterkte hierdie naweek teen Cradock!

Ons netbalspanne was ook besig, en heelwat spelers moes na Oos-Londen reis vir provinsiale verpligtinge en finale proewe. Vrydagmiddag het die A-spanne teen Collegiate gespeel as deel van die Netbal-"Challenge", en ons eerstespan en O/16A's is deur na die volgende rondte teen Brandwag. Ons O/14 A's het egter uitgeval. Saterdag het ons O/14- en O/16-spanne na Joubertina gereis om aan Hoërskool McLachlan se Sportdag deel te neem, en hier het die O/14 A's en O/16 A's al hul wedstryde gewen. Tydens die week het van ons spanne teen onderskeidelik DF Malherbe en Lawson Brown gespeel en al hul weddstryde maklik gewen. Mooi so dogters! Nou sien on suit na Brandwag!

Op die tennisbaan het ons seunspanne ons naam hoog gehou, en al drie die spanne het gelykop gespeel in hul wedstryde.

Met die eksamen wat nou begin sal al die sporte bietjie afskaal, en die kwartaal word volgende week afgesluit met die groot bepaling teen Brandwag op ons velde.

FRAMESBY IS TROTS OP .....

JONG AKTEURS BLINK IN DIE KAAP!

Vier van Framesby se FRUK (Framesby Raad van Uitvoerende Kunste) leerders het onlangs deurgedring na die Finale Rondtes van die Kyknet Nasionale Tienertoneel Kompetisie in Kaapstad. Slegs 60 leerders van regoor Suid Afrika word gekies, uit meer as 500 inskrywings, om in die Finale Rondtes in die ArtsCape Teater op te tree. Caitlin Garbers het verder daarin geslaag om deur te gaan na die volgende rondte wat haar dus in die Top 30 beste Hoërskool Akteurs in die land plaas.

Op die foto staan Jason van Tonder, Caitlin Garbers, Anzia van Heerden en Arno Engelbrecht.

ONS OOS-KAAP NETBALSPEELSTERS

Hierdie dogters is almal opgeneem in Oos-Kaap Netbalspanne. Dis werklik 'n BESONDERE prestasie! Agter: Bridget Hart (O/18), Carla Viviers (O/18), mev. Twané Nell (Afrigter O/18), Mijaune Smith (O/15A) en Juanita van Tonder (O/14A)

Voor: Imke Rautenbach (O/16C) en Kelsey Meyer (O/14B). Lané Ingram (O/16B) en Jessica Serfontein (O/18) was ongelukkig afwesig toe die foto geneem is.

WEDSTRYDPROGRAM VS MARLOW EN HS CRADOCK

	Willie Meyer-veld	Kaia-veld	Spookhuis-veld
09:30	O/15A	4des	O/16B
10:40	3des	O/14A	
11:50	2des	O/15B	
13:00	O/16A	5des	O/15B
Middagete (14:10 – 14:50)			
15:00	1stes		

HOKKIEPROGRAM VS HOëRSKOOL CRADOCK

09:00	O/16B Dogters
09:45	1ste Dogters
10:45	O/14 Dogters
11:30	1ste Seuns
12:30	2de Dogters
13:15	2de Seuns

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK

Saterdag 28 Mei	Sondag 29 Mei	Maandag 30 Mei	Dinsdag 31 Mei	Woensdag 1 Junie	Donderdag 2 Junie	Vrydag 3 Junie
Rugby vs Marlow **Hokkie** vs HS Cradock		**DAG 6** **Personeelkom.** **Beheerliggaam** **Redenaarsklub**	**DAG 7**	**EKSAMEN BEGIN**	**EKSAMEN** **Finaskomitee** **Beheerliggaam**	**EKSAMEN** **Gholf** Vs Brandwag

ALGEMEEN EN SIELSKOS

SELFS JESUS HET GEHUIL

DIE koerant bring elke dag berigte van mense wie se lewe hopeloos vasgeloop het in situasies van uiterste ellende. 'n Mens hoef maar die verslae oor hofsake te lees om te sien met watter verhale van pyn en frustrasie, verwording en perversie die regters gekonfronteer word. Dit moet moeilik wees om in hul stoel te sit en te oordeel oor die dade van mense wat klaarblyklik dikwels vasgevang is in situasies waarin skuld en lot op 'n onontwarbare wyse verstrengel is. Agter die gruweldade van die misdadiger lê 'n geskiedenis van skeefgroei wat hom of haar voorberei en ryp gemaak het vir die daad wat uiteindelik gepleeg is.

Dat die misdadiger vir sy daad verantwoordelik is, kan deur niemand betwyfel word nie, maar net so seker is dit dat sy daad die kulminasie is van 'n reeks gebeurtenisse en invloede wat op hom ingewerk en hom in die rigting help stuur het wat hy met sy persoonlike keuses beaam het.

Wie kan die aandeel bepaal van die skuld wat ouers en vriende, onderwysers en predikante, ja ons hele samelewing aan die mislukking van 'n menslike lewe het? Jesus het gesê dat dit onvermydelik is dat daar dinge kom wat mense laat struikel en sondig, maar dan voeg Hy daaraan toe: ``Maar ellende wag vir die mens wat die oorsaak daarvan is'' (Lk. 17:1). Die bedoeling van Jesus is nie om die verantwoordelikheid van die een wat struikel daarmee te ontken nie, maar Hy vestig ons aandag op die aandeel wat ons aan mekaar se skuld het en die mede-verantwoordelikheid wat ons vir die misdade van ander kan hê.

Juis daarom kan ons nie van ander mense se misdade en ellende kennis neem sonder 'n diepe gevoel van jammerte vir hulle nie. Enersyds moet ons met deernis aan hulle dink, omdat ons self ook misdadig in ons harte is en in ons self al die moontlikhede dra wat in hul dade 'n gerypte vrug geword het. In 'n kollektiewe sin is ons ook mede-skuldig aan die soort samelewing waarin sulke dinge kan gebeur. As dit nie was vir Gods genade nie, kon ons in hul skoene gestaan het. Maar andersyds moet ons ook met barmhartigheid aan hulle dink, omdat ons hul heil begeer.

Selfs Jesus het gehuil oor Jerusalem, omdat daar alleen maar smart kan wees oor die verlorenheid van mense wat verblind en verstrik geraak het in die nette van die sonde en nie meer die dinge merk wat tot hul vrede dien nie (Lk. 19:41). By Hom was daar geen sprake daarvan dat hy aandadig was aan die ongehoorsaamheid van Israel nie, maar Hy het hul verlorenheid op Hom geneem en sy hande uitgestrek na mense wat Hom in hul verblinding sou kruisig. Iets van sy smart moet ook in ons hart wees.

Daarom moet ons nie alleen bereid wees om vir andere wat geval het, te bid nie, maar ook om alles in ons vermoë te doen om alle oorsake te verwyder wat by andere tot skeefgroei en struikeling kan lei.

Uit *Die Burger* 13 Junie 1987

DIE JUNIE-EKSAMEN IS OP ONS!

Die Junie-eksamen begin Woensdag 1 Junie en duur tot Donderdag 23 Junie. Die Graad 8's en Graad 9's skryf net tydens die oggendsessie, wat om 07:40 begin en duur tot 11:30. Indien 'n leerder geen verder sport-, kultuur-, of ander skoolverpligtinge het nie, mag daardie leerders huis toe gaan. In die rooster word voorsiening gemaak vir 'n middagsesssie. Hierdie sessie begin om 12:30 en duur vir die skryftyd van die bepaalde vraestel (soos aangedui op die rooster). **Niemand mag die eksamen-lokaal vroeër verlaat nie.**

BAIE STERKTE AAN ALMAL MET DIE KOMENDE WEEK SE VRAESTELLE!

	Graad 8	Graad 9
Woensdag 1 Junie	EBW (¾h)	Eng HL P1 (1½h) Eng FAL P1 (1h)
Donderdag 2Junie	Eng HL P1 (1½h) Eng FAL P1 (1h)	Tegnologie (¾h)
Vrydag 3 Junie	Afr. V1 (1¼h)	Sos. Wet. (Geo) (1h)

Graad 10		
	Oggend	Middag
Woensdag 1 Junie	CAT V1 (2h) IT V1 (3h)	Mus. V2 (½h)
Donderdag 2Junie	Afr. V1 (2h)	LO (1¼h)
Vrydag 3 Junie	Rek. (2h) Toer. (2h)	

Graad 11		
	Oggend	Middag
Woensdag 1 Junie	FW V1 (2¼h) Toer. (2½h)	
Donderdag 2Junie	Eng HL P2 (2½h) Eng FAL P2 (1½h)	Mus. V1 (2½h)
Vrydag 3 Junie	IT V1 (3h) VS (2½h)	

Graad 12		
	Oggend	Middag
Woensdag 1 Junie	Lewenswet. (2½h)	Mus. V1 (3h)
Donderdag 2Junie	Afr. V2 (2½h)	
Vrydag 3 Junie	CAT V1 (3h)	Rekeningk. (3h)